



Verwysing: 20201008-8637
Lêerno.: 12/16/5/R
Navrae: HA Brand

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0006/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure: Distrikte, Direkteure (distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde van Hoër Onderwys-inrigtings, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Praktiese onderrig by Wes-Kaap Onderwysdepartement-skole teen die agtergrond van die COVID-19-pandemie

1. Ter opvolging van vorige kommunikasie van 18 Augustus 2020, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) bevestig dat hulle die praktiese onderrigkomponent van geïntegreerde leer by die werk ondersteun as 'n grondliggende deel van aanvanklike onderwyseronderrig wat nie gekompromitteer kan word nie.
2. Die vorige memorandum het die volgende oorgedra:
 - 2.1 Soos deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding weergegee, is goedkeuring verleen dat praktiese onderrig vir finalejaar-studente in BEd en die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS) vanaf 01 September 2020.
 - 2.2 Hoër Onderwysinstellings (HOI'e) was versoek om die skole wat hulle in hul praktiese onderrigprogram gebruik noukeurig te identifiseer en daardie versoeke en ander verwante inligting aan die toepaslike distriksdirekteure en prinsipale van die WKOD oor te dra.
 - 2.3 Die WKOD het groot begrip vir HOI'e se spesifieke praktiese onderrigbehoefte, soos wanneer eerste-, tweede- en derdejaar-studente hulle praktiese onderrig sal kan uitvoer. Dit sal egter geheel en al afhang van skole se funksionaliteitsvlak met verloop van 2020 se skooljaar.

3. Na deeglike oorweging en die monitor van skole in die provinsie, wil die WKOD voorts graag die volgende bevestig:
 - 3.1 **Skole en onderwysers verkeer onder geweldige druk** om die maksimum onderrig-, assesserings- en leertyd wat die grootste trefkrag het gedurende die oorblywende maande in 2020 te verseker. Daar word dus **verkies dat alle finalejaar-studente (BEd en NGOS) hulle praktiese onderrig gedurende Kwartaal 3 van 2020 afhandel.**
 - 3.2 Die Departement van Basiese Onderwys het in Junie 2020 aangedui dat die praktiese onderrig van **finalejaar-studente voorkeur moet geniet.** Eerste-, tweede- en derdejaar-studente moet nie by praktiese onderrig vir die oorblywende deel van 2020 betrek word nie. HOI'e het reeds ander praktyke vir hierdie studente bevestig.
 - 3.3 Gegewe die feit dat skole laat in 2021 begin, is goedkeuring verleen dat slegs **2021 se derdejaar- en vierdejaarstudente** kan voortgaan met praktiese onderrig gedurende **Kwartaal 1 van 2021.**
4. **Belangrike inligting vir kennisname:**
 - 4.1 Indien die **kwalifisering van enige HOI se finalejaar-student aan die einde van hierdie akademiese jaar gekompromitteer word (ingevoelge graueringsvereistes wat met die voltooiing van praktiese onderrig verband hou),** moet 'n motivering vir praktiese onderrig aan die Hoof van Onderwys voorgelê word.
 - 4.2 Dit bly die verantwoordelikheid van die HOI om geskikte plasings te kry en saam met skole te beplan oor hoe studente ingeneem kan word terwyl daar aan alle gesondheids- en veiligheidsprotokolle voldoen word.
 - 4.3 'n Ernstige beroep word op alle prinsipale gedoen om praktiese onderrig by hulle skole te ondersteun en tegemoet te kom, indien hulle genader word. Om die kwalifisering van goed opgeleide onderwysers te verseker, verg al die nodige ondersteuning wat dit verdien.
5. Die WKOD maak staat op kennisname van bogenoemde inligting en dat alles moontlik gedoen sal word om die bes moontlike oplossing te kry.

GETEKEN: H MAHOMED

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-10-21